

**Sondag 19 November**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:11-12**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:11-12 (AFR83)**

**Burgers van God se koninkryk**

Die bekende predikant en professor Totius het al duidelik beklemtoon dat die wêreld nie ons woning is nie. Daarmee het hy bloot verkondig dat die Christen 'n burger van 'n ander koninkryk is ... die koninkryk van God.

Maar God bring ons tydelik na hierdie wêreld om sout en lig en te wees (Matt. 5:13-16). So moet ons die Here se lig en smaak na hierdie donker en smaaklose wêreld bring. Die Here gee ons deur Petrus die opdrag: "Gedra julle goed ..." So moet ons in die voetstaple van ons Here Jesus volg. Wanneer ons sê ons is burgers van God se koninkryk, moet ons gehoorsaam aan God se Woord wees dat ons in hierdie wêreld is, maar nie van hierdie wêreld nie.

Maar waarom, as ons ons goed gedra, sal die heidene ons steeds as misdadigers sien? Want wie Christus nie erken nie, is 'n vyand van die Here en alles wat aan Hom behoort. Wanneer die Here 'n klip hart nuut maak, dan verander Hy die vyandskap wat daar teen Hom is, in 'n liefde vir Hom en vir jou naaste. En dit wat binne ons gebeur deur die kragtige werking van die Heilige Gees, moet nou na buite uitgedra word.

Daarom beklemtoon die Here hier duidelik dat ons ons goed moet gedra, al word daar kwaad van ons gepraat. Ons sondige natuur sê dat as iemand lelik met ons is, dan moet ons terug lelik wees. Maar dit is nie wat volgeling van ons Here Jesus in hierdie wêreld doen om 'n lewe tot sy eer te openbaar nie.

En eendag op die dag van rekenskap sal die ongelowige aan God die eer moet gee, omdat hulle in ons lewens die goeie dade gesien het, die goeie dade wat by die bekering pas.

*Sing: Psalm 66-1:7*

*Ds. W van den Heever (Werner) (Gobabis)*